Die inspirasie van die Bybel

Wat beteken “God het die Bybel geïnspireer”?
Daar is twee maniere om oor die inspirasie van die Bybel te dink: (A) Dit het op ’n spesifieke oomblik in die geskiedenis gebeur, of (B) God inspireer die verhaal van die Bybel en die lees en verstaan daarvan deurlopend.

A. ’n Spesifieke tydstip

As jy dink aan die inspirasie van die Bybel as iets wat op ’n spesifieke tydstip in die geskiedenis plaasgevind het, sal jy iets soos die volgende sê: “God het gesê …” of: “God het die Bybel direk geskryf.” Hierdie siening is nie maklik volhoubaar nie, want dit is baie moeilik om te besluit presies wanneer die inspirasie plaasgevind het. Het dit gebeur …

1. toe die Bybelverhaal afgespeel het (soos mense se verhale terwyl hulle geleef het)?
2. toe die verhaal oorvertel is (soos deur die volk Israel)?
3. toe dit opgeteken is (in die ballingskaptyd)?
4. toe die verhaal in die Ou Testament of later in die Bybel opgeneem is?
5. toe dit tydens die verloop van geskiedenis deur die kerkvaders en/of tydens die Reformasie opnuut gelees is?
6. toe die verhaal deur die bril van die wetenskap geherinterpreteer is?
7. Of gebeur dit terwyl die verhaal vandag gelees word?

Dit is moeilik om een punt te kies, want daar is nuanseverskille (skuiwe) tussen elke stap. Op watter punt het die “inspirasie” plaasgevind, en hoe verstaan ons dan die res van die geskiedenis? Hier is ’n voorbeeld: As iemand by ’n partytjie was en iemand anders vertel dit oor en nog iemand anders skryf dit neer en ’n vierde persoon lees die verhaal baie jare later, sal die betekenis met elke weergawe effens verskuif.

B. Deurlopende inspirasie

In die gereformeerde tradisie (waarvan ons kerk deel is) sien ons inspirasie eerder as iets wat deurlopend gebeur. Dit gebeur dus nie net op een tydstip in die geskiedenis nie; God is op elke tydstip deur die Gees betrokke (waar die verhaal afspeel én waar dit oorvertel word én waar dit opgeteken word én waar die Bybel geïnterpreteer word). Dus verstaan ons dat God die Bybel nie net geïnspireer het met die ontstaan daarvan nie, maar God help ook elke groep wat die Bybel lees om sy stem te hoor.
Wat is belangrik met ’n deurlopende lees van die Bybel?

- Ons moet oop wees dat die Gees met ons kan praat.
- Ons moet versigtig wees om die Bybel nie altyd alleen te lees nie.
- Ons moet die hele verloop van die verhaal van die Bybel ernstig opneem.
- Ons moet die hele loop van die verhaal van die Bybel ernstig opneem

Die interpretasie van die Bybel

Daar is drie maniere om uit te vind wat die Bybel vir ons vandag sê (Skrifinterpretasie):

1. ’n Tydlose lees

Hierdie manier van lees is gegrond op die oortuiging dat God vir ons ewige, tydlose waarhede in die Bybel gee. Dit is God se woorde aan ons en ons moet dit letterlik lees en toepas. Dit bly altyd dieselfde. Hierdie manier van lees hou verband met die siening dat God die Bybel op een spesifieke tydstip in die geskiedenis geïnspireer het (soos met die neerskryf van die verhaal). Die gereformeerde siening (waarvan die NG Kerk deel is) beskou egter ’n letterlike, tydlose lees van die Bybel as problematies en onvolhoubaar.



2. ’n Kultuur-sensitiewe lees

Hierdie manier van lees beskou die Bybel as God se verhaal wat deur spesifieke mense in ’n spesifieke kultuur en tyd neergeskryf is. Hulle het in ’n ander tyd geleef as ons; daarom moet ons hulle leefwêreld en manier van dink verstaan om die Bybel te kan interpreteer. Die konteks van die Bybelverhaal is dus baie belangrik in die interpretasieproses. Voorbeelde van sake wat ons kultureel lees en nie meer letterlik toepas nie sluit in die besnydenis, slawerny, poligamie, vroue wat nie in ’n erediens mag praat nie en talle wette en strawwe wat in die Bybel opgeteken is. Ons verstaan dat baie van hierdie dinge in ’n spesifieke tyd en kultuur van toepassing was, maar dat ons tyd en kultuur verander het. Hier is dit belangrik om na die groter boodskap van die Bybel te kyk om te kan onderskei.



3. ’n Deurlopende lees

Hierdie manier van lees is soortgelyk aan die kultuur-sensitiewe lees, maar daar is nog dinge wat bykom. Ons verstaan van die Bybel word verder beïnvloed deur die interpretasie van die geskiedenis en ons eie kultuur en tyd. Ons neem dus die konteks van die Bybel én die geskiedenis én ons konteks in ag. ’n Mens kan feitlik nooit jou eie “bril” raaksien nie, al speel dit altyd ’n rol. Die groter waarhede en “lyne” in die Bybel word saam gesoek om vir ons riglyne te gee vir hoe om vandag God se verhaal te verstaan en te herinterpreteer. Daarom verwag ons van die Gees om deurlopend vir ons sáám die Woord oop te breek.